DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

10/2024

18 April 2024

## LIEWE MENLO

Dit is Maandag, 15 April. Die dag waarop Menlo die voordeur oopmaak sodat besoekers 'n kitskyk in die Menlo-lewe kry. Die vraag is: "Wat sien jy?" Die Insig het besluit om ondersoek in te stel, haarself as 'n kuiergas te vermom, in graadsewe skoene te klim en met 'n besoekersbril na die opedagbedrywighede te gaan kyk. Wat daar gebeur het, is niks minder as merkwaardig nie.

Kuiergaste is vanuit die staanspoor met Menlo-gasvryheid oorrompel; die Parkies se goeie maniere 'n getuienis van die waardes waarna ons strewe. Die eerste bestemming was ons buitelugsitkamer – wat 'n gesig – waar die hart van Menlo, ons kinders, voorgestel is. Dit is duidelik dat die Parkies op Menlobodem tuis is. Waar anders sal opedagverrigtinge 'n vermaaklike optrede deur Staalwol, 'n graad 11-rugby*band*, insluit? Die graad 12's se Kruisbandrevolusie kon darem nie die kollig goedsmoeds afstaan nie en het die besoekers se harte met hulle vertolking van Hallelujah aangeraak. Vir hierdie vermomde besoeker was die koor se Afrika-optrede 'n hoogtepunt en iets waaroor besoekers nog lank sal praat. Talentvolle kinders is egter nie uniek aan Menlo nie en die vraag: "Wat maak Menlo anders?" was steeds grotendeels onbeantwoord. Min het besoekers geweet wat volgende sou gebeur.

In 'n oogwink is die gaste deur 'n legioen Parkies omsingel om 'n voorsmakie van Menlo-gees te kry. Die skool behoort aan elke Parkie en dit was 'n riem onder die hart om massabetrokkenheid te ervaar. Die woorde: *"Wena say Parkies!"* is daarna in elke kuiergas se geheuebank geëts – wat in hierdie paar oomblikke gebeur het, *dit*, is die wese van Menlo.

Menlo is meelewend; kyk net na die sport- en kultuurstalletjies. Menlo is vrygewig – van kolletjies op gesigte verf tot saamstap en vrae beantwoord – die Menlo-magic is vrylik uitgedeel. Menlo is veilig – die klasgroottes en geskiedenis van uitstekende uitslae bied akademiese geborgenheid. Menlo is aanpasbaar en toekomsgerig – kyk net na die robotikasentrum! Bowenal is Menlo vir almal: Elke Parkie is welkom – in die gimnasium, op die tartan en in die klas.

Wat maak Menlo anders? Dit is moeilik om Menlo-magic op swart en wit vas te pen: Dit is sigbaar in die manier waarop Parkies mekaar ondersteun, dit is tasbaar wanneer hulle in die amfi ontmoet en dit is hoorbaar wanneer Tiho deur die atmosfeer weergalm.

Baie dankie aan al die Parkies wat by die opedag betrokke was en in die besonder aan me. Hannaliza Fechter en die bemarkingspan vir hulle visie. Die skool het waardering vir die laerskoolleerders wat tyd ingeruim het om die Menlobodem deur die Parkies se oë te beleef en Menlo sien daarna uit om hulle weer op Menlo-bodem te ontvang.

Welkom by Menlo. Jou plek is hier.













# DAGBOEK

**19/4** Netbal: Oos-Moot (tuis)
Hokkie & Rugby: NWU-finaal (Eldoraigne)
Atletiek: ASA SA Senior Kampioenskap
Redenaars: ATKV (Uitdunronde)

**20/4** Akademie: Gr. 10-Gasvryheid (PAT)

**22/4** Omgeeweek
Gholf: GN HS Geslote Kampioenskap

**23/4** Dogtershokkie: A- tot C-spanne (Midstream College (tuis en weg)

**24/4** Seunshokkie: A- tot C-spanne (Midstream College (tuis en weg)
Netbal: Zwartkop (tuis)

**25/5** Koor: Camerata-Koorfees
Akademie: Gr. 11-Duitse-aand & Gr. 12-Gasvryheid (PAT)




## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Klaagliedere 3:24-25**

Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra.

# ALGEMEEN

**Menlo is *My School...***

**Swaai asb. u kaart...**




Gewapen met 'n MySchool-kaart in die beursie, kan kopers moeiteloos help om fondse vir die skool in te samel. Die skool neem hiermee die vrymoedigheid om ouers te versoek om asseblief die begunstigde op hulle My School-kaarte van die laerskool na die hoërskool oor te swaai.

Donasies wat ons op hierdie manier ontvang, maak 'n wesenlike verskil aan die skool. Ouers sal binnekort 'n brief met meer besonderhede ontvang, maar u is welkom om solank u besonderhede te verander deur die volgende skakel te volg.



# AKADEMIE

## Jou huis is waar jou hart is

Wat is die ooreenkoms tussen ’n Parkie en ’n kameelperd? So-ver die Insig se insig strek, kan beide ’n vinnige pas volhou en met betreklik min slaap oor die weg kom. Oor korter af-stande, bv. tussen die A- en C-blok, handhaaf kameelperde ’n spoed van ongeveer 50 km/h, terwyl hulle teen ongeveer 16 km/h oor langer afstande, soos bv. van die A- tot by die I-blok, beweeg.

Nes ’n Parkie op pad na Nelspruit benodig kameelper-de min slaap en is ongeveer dertig minute genoeg rus om ’n nuwe dag aan te pak. Daarby, soos die Engelsman sê, *they hit the ground running.* Na slegs ’n week op Moeder Aarde is ka-meelperde se bene sterk ge-noeg om die roete na die vol-gende groen blaar aan te pak. Dit herinner sterk aan Menlo-parkers wat vir kwartaaltoetse aantree wanneer die nuwe kwartaal skaars een week oud is. Net soos wat Parkies elk-een ’n unieke spoor op Menlo-bodem laat, is die kolle op ’n kameelperd se pels ook eiesoortig. Daarby is kameel-perde die langste soogdiere op die planeet (selfs langer as die Hollanders; die langste nasie). Ofskoon al die Parkies nie die sesvoetkerf verbysteek nie, word hulle hoog aangeskryf, het hulle groot harte en steek hulle graag hulle nekke vir mede-Parkies uit.

Waarom die vergelykende stu-die van die Parkie en die ka-meelperd? Daar is verlede week geskiedenis op Menlo-bodem gemaak. Aspirantvee-artse en -bioloë hoef hulle nie meer na Londen se Museum of National History te wend om veral die hart en skelet van ’n kameelperd te bestudeer nie, want dié is sommer hier op Menlo-bodem te sien. Gerugte wil dit hê dat mnr. Kobus Erasmus vir weke spoorgesny het om die vonds – ’n kameel-perdhart – vir Menlo te be-kom. Die hart is intussen veilig in formalien gestoor en kan in ons eie laboratorium (A206) besigtig word.

Baie dankie aan mnr. Kobus Erasmus vir uitsonderlike spoorsnywerk en me. Leani Müller vir die versorging van die orgaan.

#MenloMaakDeureOop








# MUSIEK

## Dié Parkies kan stryk

Goeie strykers is skaars, maar nie op Menlo-bodem nie, want die skool spog vanjaar met twee violiste in die Sinfonia Juventi Jeugorkes.

Anja van Zyl (graad 8) en Liezl van der Berg (graad 12) het honderde ander hoopvolle musikante uitgestof om ’n plek in dié uitgelese orkes te verseker. Anja doen diens as derde viool en Liezl as tweede viool. Die Insig is verlig dat hierdie saak – waar die beste strykers hulle bevind – nou uitgestryk is en sien saam met Anje en Liezl na die orkes se optredes uit. Hartlik geluk aan hierdie twee musikale Menloparkers asook Menlo se musiekdepartement met hierdie uitsonderlike prestasie.





# SPORT

## Geen piekniek by hierdie spruit

Ofskoon piekniek, swem en kuier die eerste gedagtes is wanneer jy die woorde *spruit* en *park* hoor, was die Parkies nie verlede week in Nelspruit vir 'n piekniek nie. Die doel van die laeveldreis was om 'n jare lange wintersporttradisie voort te sit en om ons sportstempel op hulle bane af te druk.

Die eerste Parkie-krygers het Vrydagoggend reeds na Nelspruit se oorlogsveld vertrek om die laevelders 'n voorsmakie van Menlo-talent te gee. Daar aangekom is die missie, doelwitte en strategie bespreek en skaars 24 uur later was die vloot met tevrede krygers op pad terug om welverdiende oorwinnings te vier.

Die Insig hoop dat die bioritmes van die leerders wat Saterdagoggend om 03:00 na Nelspruit vertrek het intussen genoegsaam herstel het om eerskomende naweek aan die finaal van die NWU-reeks deel te neem.

Hier volg die Nelspruit-uitslae asook die uitslae van ander wintersportwedstryde wat vandeesweek afgehandel is:

### Netbal vs. Nelspruit

O. 14A: 24-10
O. 15A: 27-13
O. 16A: 20-13
O. 17A: 27-17
O. 19A: 38-11
O. 14B: 31-8
O. 15B: 37-5
O. 16B: 30-9
O. 17B: 32-2
O. 19B: 28-17

### Netbal vs. Centurion Secondary School

O. 14E vs. O. 14B: 16-2
O. 14F vs. O. 14A: 24-0
O. 15E vs. O. 15A: 20-8
O. 15F vs. O. 15B: 7-3

### Netbal vs. Curro

O. 14E vs. O. 14A: 22-1

### Seunshokkie vs. Nelspruit

O. 14A: 1-3
O. 16A: 1-0
O. 18A: 4-0
O. 14B: 0-2
O. 16B: 3-0
O. 18B: 4-0

### Dogtershokkie vs. Nelspruit

O. 14A: 4-2
O. 15A: 8-0
O. 16A: 5-0
O. 18A: 7-0
O. 14B: 2-0
O. 15B: 3-0
O. 16B: 1-0
O. 18B: 1-0

### Rugby vs. Nelspruit

O. 14A: 12-17
O. 14C: 5-7
O. 15B: 35-12
O. 16A: 13-12
O. 16C: 10-20
O. 19B: 12-20
O. 14B: 5-47
O. 15A: 45-10
O. 15C: 14-10
O. 16B: 12-19
O. 19A: 31-14
O. 19C: 17-26

Rugbyfoto's: Lizha van Niekerk





















# NWU-SKOLESPORTREEKS

## Kyk uit vir spesiale Insig

Talle lesers brand sekerlik van nuuskierigheid om te hoor hoe die fietsry-, muurbal-, skaak-, tennis-, gholf- en landloopspanne in die NWU-reeks gevaar het. Moenie bekommer nie – die lang gewag is amper verby, want die reeks loop eerskomende naweek ten einde. Kyk gerus vir die spesiale NWU-uitgawe wat volgende week sal verskyn, uit.

# SPOG

## Sneller, sneller deur die dale; kyk hoe vinnig vlieg die pale…

Brullende enjins, steil hellings en spoed skrik nie vir Ivana en Damien Venter af nie. Die twee Parkies is ewe tuis op hulle ysterperde as op Menlo se skoolbanke; die puik prestasies wat Ivana en Damien in die tweede rondte van Motorsport Suid-Afrika se Noordelike Streke Motocross-kampioenskap behaal het, getuig hiervan.



Die kompetisie bestaan uit sewe rondtes en die huidige stand van sake is soos volg:
Ivana is tans in die algehele tweede plek, terwyl Damien met die meeste punte spog.

Die Insig hou duim vas dat die res van die kampioenskap klopdisselboom sal verloop en wens hulle sterkte vir die oorblywende rondtes toe.



# MARKPLEIN






















## HUIS te HUUR in LYNNWOOD

Vierslaapkamergesinshuis naby die skool.

Kamers kan afsonderlik verhuur word; prys per kamer vanaf R5 500.

**Kontak Liesl: 083 410 1914**